Pretoria- 28 Julie 2013

Skriflesing: Psalm 130; Johannes 13:21-30
Kategismus: **Sondag 30**
Teks: **Psalm 130: 3,4 Johannes 13:30**
Sing: Psalm 122:1,2 Psalm 5:1,7; Psalm 130:3,4

Psalm 130

Psa 130:1 'n Bedevaartslied. Uit die dieptes roep ek U aan, o HERE!
Psa 130:2 Here, hoor na my stem; laat u ore luister na die stem van my smekinge.
Psa 130:3 As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?
Psa 130:4 Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.
Psa 130:5 Ek wag op die HERE; my siel wag, en ek hoop op sy woord.
Psa 130:6 My siel wag op die Here meer as wagters op die môre, wagters op die môre.
Psa 130:7 Wag op die HERE, o Israel! want by die HERE is die goedertierenheid, en by Hom is daar veel verlossing;
Psa 130:8 en Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede.

Johannes 13:21-30

Joh 13:21 Toe Jesus dit gesê het, het Hy in sy gees ontsteld geword en getuig en gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, een van julle sal My verraai.
Joh 13:22 En die dissipels het na mekaar begin kyk, in twyfel omtrent die een van wie Hy dit sê.
Joh 13:23 En een van sy dissipels, hy vir wie Jesus liefgehad het, het aan tafel teen die bors van Jesus gelê.
Joh 13:24 Simon Petrus knik toe vir hom dat hy moet vra wie dit kon wees van wie Hy spreek.
Joh 13:25 En hy val op die bors van Jesus en sê vir Hom: Here, wie is dit?
Joh 13:26 Jesus antwoord: Dit is die een aan wie Ek die stukkie sal gee as Ek dit ingedoop het. En toe Hy die stukkie ingedoop het, gee Hy dit aan Judas Iskáriot, die seun van Simon.
Joh 13:27 En nadat hy die stukkie geneem het, het die Satan in hom ingevaar. En Jesus sê vir hom: Wat jy doen, doen dit haastig.
Joh 13:28 Maar waarom Hy dit vir hom gesê het, het niemand van die wat aan tafel was, verstaan nie.
Joh 13:29 Want sommige het gedink, terwyl Judas die beurs gehad het, dat Jesus vir hom sê: Koop wat ons nodig het vir die fees; of dat hy iets aan die armes moes gee.
Joh 13:30 Toe hy dan die stukkie geneem het, het hy dadelik uitgegaan. En dit was nag.

Sondag: 30 - VRAAG EN ANTWOORD: 80

Vraag: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?

Antwoord: Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het(1), en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word(2), wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader is(3) en daar deur ons aanbid wil word(4). Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wat vervloek is(5).

1 Matteus 26:28; Lukas 22:19-20; Johannes 19:30; Hebreërs 7:26-27; Hebreërs 9:12; Hebreërs 9:24-28; Hebreërs 10:10; Hebreërs 10:12; Hebreërs 10:14
2 1 Korintiërs 6:17; 1 Korintiërs 10:16-17
3 Johannes 20:17; Kolossense 3:1; Hebreërs 1:3; Hebreërs 8:1Th
4 Handelinge 7:55; Filippense 3:20; Kolossense 3:1; 1 Tessalonisense 1:10
5 Hebreërs 9:26; Hebreërs 10:12; Hebreërs 10:14

Sondag: 30 - VRAAG EN ANTWOORD: 81

81 Vraag: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?

Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself(1).

1 1 Korintiërs 10:19-22; 1 Korintiërs 11:28

Sondag: 30 - VRAAG EN ANTWOORD: 82

Vraag: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle Sondag: Vraag en Antwoord: en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?

Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek(1).

1 Psalm 50:16; Jesaja 1:11; Jesaja 66:3; Jeremia 7:21; 1 Korintiërs 11:20; 1 Korintiërs 11:34

Skriflesing: Psalm 130; Johannes 13:21-30
Kategismus: **Sondag 30**
Teks: **Psalm 130: 3,4 Johannes 13:30**
Sing: Psalm 122:1,2 Psalm 5:1,7; Psalm 130:3,4

Broeder en suster- Toe u gedoop is, toe het u met u ma en pa se voete na die kansel beweeg. Voor die kansel, waar die Here met u praat, is u toe vasgehou. Uself was passief. U is gedoop. U doop as klein kindjie was nie u eie besluit nie. Sonder dat u enigiets daartoe kon bydra het die Here sy beloftes in sy verbond vas en seker ook aan u belowe.

Kom ons by die Nagmaal dan is ons elkeen se eie voete ter sprake. Ons moet op ons eie bene kan staan. Dit is nie meer ma en pa se voete wat my na die Here toe dra nie; dit is nou my eie voete wat moet beweeg.. Ekself is verantwoordelik; ek het my verantwoordelikheid voor die Here aanvaar van die dag wat ek my geloof voor God bely het. So is elke Nagmaal ’n beweeg na die tafel met my eie bene en ek moet ten volle daarvan bewus wees watter verantwoordelikhede die Here op my lê as ek aan sy tafel gaan aansit.

En ons belydenis wil ons aan die hart gryp en ons verantwoordelikheid benadruk, ook wanneer ons uit die “beweeg” –psalms lees. Ek noem dit “beweeg”- psalms want Psalm130 is deel van die liedere – skat wat die volk Israel gesing het, as hulle optrek is na Jerusalem. Vanaf Psalm 121 begin elke Psalm as ’n bedevaartslied, of dan ook ’n pelgrimslied, m.a.w. hierdie is mense wat na God se heilige stad en tempel opbeweeg, om God te ontmoet. Terwyl die skare opbeweeg na Jerusalem het die skrywer van Psalm 130 dan ook die psalm geskryf.

Vanuit die Psalm is ons tema van verkondiging dan NAGMAALSGANGERS IS PELGRIMSGANGERS WAT OPTREK IS NA DIE HEER. Eerste gaan ons kyk na die pelgrimsganger. Daarna die Nagmaalsganger. En in die laaste plek – Ons trek op na die Heer.

Die pelgrimsganger:

Die pelgrimsganger se belydenis is 'n roepe na God. *Uit die diepte roep ek u aan, o Here! Here hoor na my stem; laat u ore luister na die stem van my smekinge.* En dan begin die pelgrimsganger se selfondersoek. Hy ondersoek homself en dan moet hy vir die Here sê *As U, Here, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?* Die biddende pelgrimsganger daar langs die pad voel hoe die heilige oë van die regverdige God verterend op hom neerbrand. Uit homself kan hy nie voor God staan nie. Dis onmoontlik ! Die Here kyk binne sy hart en hy weet dit. Daar is 'n keuring in homself wat plaasvind, maar hier is dit nie mense wat die keuring hanteer nie, God Self keur sy kinders, die Here kies sy kinders uit. Die Here sien die hart aan. En dan is dit juis hierdie sondaarhart wat die Here hier besig is om te keur.

Die Here laat in die man se binneste 'n droefheid kom. Nie 'n droefheid na die wêreld, of oor die wêreld so sondig is nie. Néé, die man is hartseer, omdat God baie hartseer moet wees, oor sy kinders se ongehoorsaamheid en hulle hardkoppigheid. Die pelgrimsganger het 'n droefheid nie na die wêreld nie, maar na God.

***

En wanneer die Heilige Gees met die digter werk dan kom ons agter, dit gaan ook nie vir hom in die eerste plek om sy eie redding nie. Néé, hy weet, hy het hier met 'n vrymagtige God te doen wat optree soos Hy wil en op sy tyd. *Ek wag op die Here; my siel wag en ek hoop op sy woord.* Daar is nie vir 'n mens 'n maklike manier om op die Here se reddende optrede beslag te lê nie. Die Here se Woord moet eers op 'n mens beslag lê. 'n Mens moet wag.

Ons kinders wat gedoop is, moet ook wag en voorberei tot op die dag wat die Here sê, hulle hul geloof voor Hom kan bely. Dan eers kan 'n mens se eie bene en voete tafel toe beweeg, intussen wag ons gedoopte kinders nog. Hulle ouers se voete en bene dra hulle nog, ons ouers het hulle gedoop en die doopbeloftes voor die Here afgelê. Besef u wat ouers is dat wanneer u nagmaal vier, u kind deur u hier teenwoordig is en u ook namens hom of haar, u eie kind nagmaal vier, terwyl hulle nog in hulleself op die Here wag wat sy doopbeloftes op sy tyd sal uitvoer.

'n Mens kan nie op die Here se verbondswoord beslag lê nie, 'n mens wag, maar 'n mens kan op die Woord hoopvol wag. Die pelgrimsdigter wat op die Here wag het ook die beeld van wagters. Wagters wat in die nag van die wêreld wag hou en wat hoop dat die môre tog moet aanbreek. *My siel wag op die Here meer as wagters op die môre, wagters op die môre....*

En die wag op die Here beskaam nie, want die hoop op God beskaam nooit nie ! Hoop is sekerlik ook om te bid. Mag die Here se Woord tog ook op elkeen van u beslag lê. My hoop is my gebed, dat die Here se Woord u tog ook elkeen in besit sal neem. Wanneer die Woord u in besit neem, dan het God se Seun, Jesus Christus u in besit geneem. U is dan syne. Die grootste troos sekerlik denkbaar waarmee ons belydenis dan ook begin. Wat is u enigste troos in lewe en in sterwe. En dan is ons belydende antwoord **dat ek in lewe en in sterwe nie aan myself behoort nie, maar aan Hom, Jesus Christus, ons Here.** Die Here se Woord het dan op my beslag gelê, ek is in besit geneem. Na Die gedagte van die pelgrimsganger wat op die wyse en met die wagtende gebed optrek, is ons tweede gedagte dan –

<u>Die Nagmaalsganger.</u>

Ons belydenis van die nagmaalsganger is so eie aan die gebed van die pelgrimsganger. **Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom? – Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is.** Die uitslag op die worstelende wagtende pelgrimsganger se gebed was dan ook ons teksverse in vers 4 – *Maar by u is vergewing, dat U gevrees mag word*….Die biddende pelgrimsganger daar langs die pad besef nou sy sonde. Sy worstelende gebed kan nou die lied van Psalm 130 word. Alle pelgrimsgangers kon dit met hom saamsing, soos wat alle nagmaalsgangers dit nou nog met hom kan saamsing. **<u>God vergewe…..,</u>** dit is die kern van sy lied, dit is ook die kern van ons belydenis, dit is die kern van nagmaalsviering.

Hierby ingesluit is dat God by elke nagmaalsviering gevrees moet word. Dit is waarom ons gereformeerde nagmaalstafel geslote is, dit is ook die rede waarom elke ouderling by elke viering van die Here se Nagmaal getrou aan God se opdrag die Here moet vrees. Ons ouderlinge vrees die Here, daarom sal ons oor die Here se tafel die wag hou. Ons vrees die Here, daarom is daar volgens ons belydenis van toelating by die Here se tafel sprake.

Van u wat daaroor twyfel dat die Here se diensknegte, die Here se ouderlinge nie so 'n opdrag by die tafel ontvang het nie, kan maar kyk wat by die eerste tafel van

Nagmaalsviering gebeur het. Ons het ook uit Johannes 13 gelees. God se eie Seun was toe nog as mens ook by die tafel teenwoordig. Die grootste Ouderling van God, Jesus Christus tree hier op. Die Ouderling van alle ouderlinge, Jesus, die Hoof van sy kerk is hierdie voorbeeld. Jesus, die Ouderling, maak die eerste nagmaalstafel al geslote. Jesus is pertinent met Judas Iskariot besig. In sy huisbesoek is Jesus reg voor die aanvang van die Nagmaalsviering besig om die Here se tafel geslote te maak. Al lyk dit Judas het al die stukkie brood in sy hand, mag hy nie saam met hulle Nagmaal vier nie, op die nippertjie sal die Here Self sorg dat oor sy tafel die wag gehou sal word. Judas is daar weg, die nag in, maar saam met die Here se kinders mag hy nie nagmaal vier nie, die Here sal daarvoor sorg en daarom het Hy sy ouderlinge, sy wagters, die opdrag gegee om oor sy tafel die wag te hou.

Ons moet nie die ouderlinge in hulle vrees vir die Here probeer benadeel nie, want dan probeer ons God uitskakel. Daardie ou oersonde in die mens, ons wat soos God wil probeer wees, ons probeer maar nog gedurigdeur om God se opdragte en voorbeeld uit te skakel. Mag ons ouderlinge wat nou weer in die huisbesoeke wat vir ons voorlê, gedra word deur ’n vrees vir die Here. Die woorde van ons teks mag ook by elke huisbesoek weerklink – *Maar by u is vergewing, dat u gevrees mag word….*

As u mooi na die laaste vraag in die deel van ons belydenis kyk dan kom u agter dat daar ook ’n passiewe trant is waarin ons belydenis geskryf is. Die **toegelaat word,** is waarvan ek praat. Dit staan juis so passief in ons belydenis dat die ouderlinge aktief by die voorbereiding en by die Nagmaal hulle roeping en opdrag moet uitvoer. Die toelating hang van God Self af en Hy voer dit deur sy dienaars, die ouderlinge uit. Die vrees vir God het gemaak dat die pelgrimsganger eers van sy pad afdraai, hy die menigte verlaat en hy by homself huisbesoek doen.

Dit is die vrees wat ouderlinge moet hê voordat mense nagmaalsgangers mag wees. Die pelgrimsganger se huisbesoek het nie net by homself plaasgevind nie. Natuurlik moet huisbesoek by elkeen self begin. Die pelgrimsganger doen by homself huisbesoek om daarna by Israel huisbesoek te doen, nadat hy dan weer by die menigte pelgrimsgangers aansluit terwyl hulle opbeweeg na God se tempel. Die pelgrimsganger se huisbesoek aan Israel is dan *Wag op die Here, o Israel ! want by die Here is die goedertierenheid en by Hom is daar veel verlossing; en Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede……*Dit is al die sake wat by

die nagmaal ter sprake kom. Dit klink selfs of die man vanuit sy belydenis in Jerusalem kon gaan Nagmaal vier. Hy noem dit wat die Nagmaal is.

Die vrees vir God het God se Kind, Jesus aangespoor, dat Judas nie by die tafel mag wees as daar Nagmaal gevier word nie. As die ouderling sy werk gedoen het, dan staan daardie getuienis voor God en dan sal die Here dit nie by daardie ouderling ter sprake bring as daar oordeel kom nie. Ouderlinge, besef daarom maar weer die heilige roeping waarmee God julle opgelê het vir hierdie komende Nagmaal. Die sleutels van die hemelryk is in Christus se hande vir ouderlinge om te hanteer. Ons getuienis moet voor God standhou ! Want onthou ons laaste gedagte –

<u>Ons Nagmaal is 'n op trek na die Here:</u>

Nadat die digter van die trekkende menigte uitgedraai het en hy op God gewag het, is daar nou die verdere trek. Elke nagmaalsviering van ons is ook mos maar weer 'n verder trek daarin wat die lewe is. Maar onthou, die Nagmaalsviering op sigself moet 'n op trek na die Here wees. Eers as 'n mens na God optrek dan eers kan 'n mens in jou lewe verder trek. En in die op trek na God het u reeds gehoor dat God vergewing skenk…..*by U is vergewing, dat u gevrees mag word.* Dan kan ons op die Here wag. Ons vrees Hom. Die ouderlinge moet hulle werk met vrees en bewing uitvoer. Dan wag ons ook op die Here se Nagmaal om op die Here se tyd weer gevier te word.

Die grootheid van God se liefde en genade en hoe die Here met die pelgrimsreisiger werk, laat ons ook maar net weer besef wat God bedoel as Hy sê Hy bedek ons. Nadat 'n mens by God is, jy selfs in die Nagmaal na God opgetrek het, dan is daar nog steeds swakhede. Die belydenis en die Nagmaal neem nie 'n mens se swakhede weg nie. Die belydenis laat 'n mens besef hoe swak ons is. Ons bely dan ook dat **die swakhede wat nog oor is, met Christus se lyding en sterwe bedek is; en dié wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter……dit is die mense wat na die Nagmaalstafel van die Here moes kom.**

God bedek ons swakhede m.a.w. God wat alsiende is maak sy oë toe. *Die Here wat dwarsdeur my sien* soos wat Psalm 139 dan ook sê, *daar is niks voor U bedek, o Heer,* maar as dit by die Nagmaal kom, dan maak God Homself blind om Jesus Christus ontwil. God wat bedek staan in die Ou Testament alreeds. Die versoendeksel was bo die verbondsark geplaas,

sodat die Wet wat binne die ark geplaas is, bedek moet wees. Die Wet in die ark moes bedek word, sodat die oordele van die Wet nie uitgevoer moes word nie.

***

U en my sonde is deur Christus se lyding en sterwe voor God bedek. Dan skenk God geloof in my, die geloof binne 'n swakke mens, 'n erdekruik, maar die inhoud van die erdekruik is God se Heilige Gees. Die erdekruik wat swak is, is bedek daardeur wat binne is, die skat, God se eie Gees. Gewoonlik sal ons redeneer, dit wat swak is, moet binne wees, sodat die sterke buitekant die inhoud moet beskerm. By God is die sterke Heilige Gees binnekant, om die swakke, myself te beskerm.

Wanneer ons belydenis so oor God se bedekking praat dan sluit die Korintiër brief daarby aan dat God bedek. As die Here praat oor die vrouens se hare in die erediens, dan moet die hare nie die lengte van 'n man se hare wees nie, want juis haar langer hare is haar eer, dat dit voor God in haar man vir haar 'n bedekking is. *Die langer hare is vir die vrou gegee as 'n bedekking (*1 Kor.11:15). Hierby eindig die dekking nie. In aansluiting by die versoendeksel wat die Here se Wet binne die verbondsark moes bedek sê die Here in 2 Korintiërs 3:14 – *Want tot vandag toe bly die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word; die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem…..*

Christus het ons sonde weggeneem dat ons nou voor God bedek is. Net die volgende hoofstuk praat dan van ons as erdekruike wat wys watter bedekking ons vir God is, swak en broos, maar dit wat binne ons is, is God se bedekking. 2 Korinthiërs 4:7 – *Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van krag van God mag wees, dit is nie uit ons nie, m.a.w.* dit is in ons. So mag ons dan ook weer in hierdie komende maand Nagmaal vier. Net huigelaars en onbekeerdes mag nie na die tafel van die Here gaan nie, want dan eet en drink hulle 'n veroordeling oor hulleself. Soos die Here dan ook vroeër aan die gemeente in Korinte gesê het – (1 Kor.10:21,22) *Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deelhê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie. Of wil ons die ywer van die Here opwek? Is ons miskien sterker as Hy?*

***

Mag ons as nagmaalvierende gemeente die Here vrees. Ons wag op Hom. Elke keer moet ons soos die pelgrimsganger uitdraai om oor ons sonde na te dink. Ons as Nagmaalgangers is

pelgrimgangers wat op trek is na die Heer. Ons ouderlinge moet daaroor die wag gehou. By God is daar ’n oseaan van genade. Daar is genade. Daar is vergewing. Daar is bedekking. Elke druppel van die Here se bloed aan die kruis praat daarvan. Elke stukkie brood en elke slukkie wyn by die Here se Nagmaal verkondig dit !

AMEN